
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.co.za E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

.....EN DAN SAL DIE EINDE KOM

Matt. 24:14

Ek voel altyd 'n swaar las en verlange vir die wat verlore is, om in God se trop te kom, om gered, gelei en beskerm te word deur die Groot Skaapwagter van hulle siel. Jesus het Sy hunkering vir die verlorenes uitgespreek in **Matt. 9 :36-38: En toe Hy die skare sien, het Hy innig jammer gevoel vir hulle, omdat hulle moeg en uitgeput was, soos skape wat geen herder het nie. Toe sê Hy vir sy dissipels: Die oes is wel groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in sy oes mag uitstuur.**

Soos ons meer en meer bewus raak van die oorweldigende bewys van die tekens van die "eindtyd" rondom ons, is daar baie nuuskierige gelowiges wat spekuleer oor wanneer dit sal plaasvind. Die mens se begeerte om oor toekomstige gebeure te weet, is presies dieselfde vandag as wat dit in Jesus se tyd op Aarde was. Jesus en Sy dissipels het die dinge wat gaan plaasvind bespreek en ons lees in **Matt. 24:3: En toe Hy op die Olyfberg gaan sit het, kom die dissipels alleen na Hom en sê: Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?** Hy het toe voortgegaan om vir hulle in detail te vertel van die gebeure wat in die wêreld sou plaasvind om die einde aan te dui en ook Sy wederkoms aan te kondig. Meeste van ons is terdeë bewus van hierdie tekens, soos ons sien dat hulle regdeur die wêreld plaasvind, en die momentum neem daagliks toe. Die EEN betekenisvolle "teken" wat egter voor Sy wederkoms gaan plaasvind, verkondig Hy in **Matt. 24:14,** en dit is: **En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; EN DAN SAL DIE EINDE KOM.**

Die verklaring van Jesus bevestig die belangrikheid van Sy opdragte wat Hy aan Sy dissipels gegee het net voordat Hy opgevaar het na die Hemel, naamlik om die Evangelie te verkondig. Dit was die laaste woorde wat Hy vir hulle gesê het voordat Hy na Sy Vader terug gekeer het. Ek en jy weet dat voor ons op 'n reis gaan, ons die belangrikste opdragte op die heel laaste oomblik, aan die een aan wie ons, ons belangrikste besittings toevertrou gee! Dit word spesifiek gedoen sodat hulle nie sal vergeet om die dinge te doen wat vir ons van uiterste belang is nie. " Moenie vergeet om... die hond kos te gee, die plante water te gee, kyk dat die ligte in die nag aan is en in die dag af ens." Jesus het Sy opdragte aan Sy dissipels gegee met dieselfde doel in gedagte, omdat dit uiters belangrik vir Hom was! Ons lees Sy laaste woorde aan Sy dissipels in die Boek Markus. **Mark. 16: 15-16: En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.** En ons sien dat hulle gehoorsaam was aan Sy opdragte omdat verse 19 en 20 van Markus hoofstuk 16 vir ons sê: **Nadat die Here dan met hulle gespreek het, is Hy opgeneem in die hemel en het gaan sit aan die regterhand van God. Maar hulle het uitgegaan en oral gepreek, en die Here het saamgewerk en die woord bevestig deur die tekens wat daarop gevolg het. Amen.** Matt. Hoofstuk 28 bevestig die waarheid. **En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die**

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - En dan sal die einde kom……)

hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen (Matt. 28 :18 - 20). Hierdie was Jesus se laaste woorde aan Sy dissipels soos opgeteken in die Boek Mattheus.

Dit laat ons met hoegenaamd geen twyfel, dat die verkondiging van die Evangelie aan al die nasies en om siele te wen vir die Koninkryk van God, die belangrikste ding in Jesus se gedagtes was net voordat Hy die Aarde verlaat het om na Sy Vader terug te keer. **En die evangelie van die koninkryk sal verkondig word oor die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; EN DAN SAL DIE EINDE KOM.**

Jy sê dalk, "wel, ek besef dat die verspreiding van die Goeie Nuus van die Evangelie van ons Here Jesus Christus vir die verlossing van verlore siele wat andersins bestem was vir die ewige verdoemenis, voortdurend in die hart van Jesus is, en dat Hy deur Sy barmhartigheid en genade alles moontlik gedoen het deur Sy lewe af te lê en Sy kosbare Bloed gestort het om dit moontlik te maak, maar wat kan ek doen vir Sy Groot Opdrag aan Gelowiges? Ek het nie die geleentheid of die vermoë nie."

Wel, ek wil 'n wonderlike getuienis met julle deel wat ek laas week van 'n liewe vriend en kosbare broer in Jesus ontvang het wat my gebel het, borrelend en vol opgewondenheid om aan my die volgende groot nuus te vertel!

Hy sê dat hy naby die grens van sy eiendom geloop het, toe hy bewus geraak het van die feit dat mense langs hom ingetrek het, 'n eiendom wat vir 'n lang tyd leeg was. Hy was onbewus van die feit dat hulle nuwe bure gehad het omdat die persele groot is en daar 'n groot heining tussen die eiendomme is. Hy het aangegaan en gesê dat wat sy aandag getrek het, was die geweldige geraas van harde stemme, mans en 'n vrou se stem wat skreeu en daar het 'n geweldige rumoer langsaan aangegaan. Met die aanhoudende argumente en geskreeu het die situasie onuithoubaar geword en hy wou nie hê dat die duiwel die gebied moes inneem wat sy huis en toevlug is, waar hulle die Here as 'n gesin aanbid en vir Hom leef nie. Hierdie indringing van hulle vrede het as 'n skok vir my broer gekom, wat die ware wese van konsiderasie is en waarskynlik die wonderlikste buurman wat enigeen kon begeer, beide hy en sy vrou, en hulle 4 pragtige jong kinders. Hulle dien die Here met hulle hele hart!

Dit het vir dae aangegaan en hy het al meer gefrustreerd geraak. Hy het nie geweet of hy die Here moes vra om hulle te verwyder of om hulle te gaan konfronteer nie. Hy het nie werklik gevoel om sy energie te mors deur 'n hele onderonsie met hulle te hê nie. Toe hy deur die heining loer, sonder om hul aandag te trek, kon hy sien wie verantwoordelik was vir al die lawaai! Hulle het as 'n rowwe klomp voorgekom, met geen ag op hulle gedrag of vir die graad van geraas wat hulle geskep het nie. Hy sê dat hulle "heavy metal" musiek op hul CD-speler gespeel het, so hard as wat die speler se volume dit toegelaat het. Toe, wagtend op die Here vir 'n antwoord oor wat hy in die situasie moes doen, het die "heavy metal" musiek net opgehou en 'n pragtige weergawe van die lied "Amazing Grace" het vanuit dieselfde CD-speler wat gespeel het gekom! Hy sê dat sy hart net gesmelt het en die Here het deur daardie lied met hom gepraat en gesê "Ja, daardie is van die ellendelinge vir wie Ek gekom het om te red. Ek het hulle lief en Ek het aan die kruis vir hulle gesterf sodat hulle gered kon word." Hy het onmiddellik geweet wat die Here wou hê dat hy moes doen, dus het hy dorp toe gery en drie Bybels gekoop en na hulle eiendom terug gegaan. Daar het hy twee mans gesien, wat besig was om 'n voertuig te herstel, een was erg onder die invloed van drank. Hy het uit die motor geklim en "Amazing Grace how sweet the sound who saved a wretch like me" begin sing soos hy hulle genader het. Hulle het begin om met hom te deel wat se slegte mense hulle was en hoe ongelukkig hulle was en hy kon die liefde van Jesus met hulle deel en hulle na die Here lei. Terwyl hulle saam gehuil het, het hy opgemerk dat die man wat onder die invloed van drank was, nou volkome nugter was. Hy sê dit was 'n ware wonderwerk! Hy sê die gevoel was absoluut wonderlik en die teenwoordigheid van die Here was tasbaar. 'n Derde man het toe op daardie oomblik uit die huis gekom en dit het gelyk of die man vyandig teenoor hom was. Hy het egter gesê dat hy gevoel het dat hy sy arms om hom moes sit en vir hom sê dat die Here hom liefhet en dat hy hom ook liefhet – wat hy gedoen het, en alle weerstand het verkrummel en die man het die Here ook aangeneem en die derde Bybel is aan hom gegee. Hulle het almal saam gebid, en hy het hulle verlaat vol vreugde, toe hy terug kyk terwyl hy weg ry, het hy die een man die tuin trappe sien afhardloop met die CD-speler wat die lied "Amazing Grace how sweet the sound that saved a wretch" speel! Hy sê dat hy die waarheid van God se Woord eerstehands ondervind het wat sê dat daar geen onderskeid by die Here is nie (Hand. 10:34). Hy sê dit was 'n ondervinding wat hy vir niks in die wêreld sou wou mis nie en sy hart was gevul met die vreugde van die Here. Hulle was verlore, maar nou is hulle gevind.

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - En dan sal die einde kom…)

Hy het 'n week later 'n rede gehad om na hulle eiendom terug te gaan en het die man ontmoet wat hulle tuinier was. Hy het my vriend vertel hoe gelukkig hy was en dat almal in die huis nou gelukkig was. Daar was nie meer 'n drinkery en bakleiery nie en die vrou was verheug omdat haar man nie meer gedrink het nie. Daar was 'n radikale verandering in daardie huishouding! Hy sê dat die kersie op die koek is dat daar sedert daardie dag nou niks meer as vrede, liefde en vreugde van die bure se kant af kom nie en ons dank die Here vir Sy getrouheid en genade en ons is saam met hulle almal verheug! God is werklik groot.

Die waarheid is dat ons **almal** geroep is om sendelinge te wees wat eintlik beteken "gestuurdes", en ons kan reg in ons eie agterplase begin. Die Bybel leer dat aan elkeen van ons die bediening van versoening gegee is: **2 Kor. 5:19: Naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou.** Ons hoef nie na China of Rusland te gaan om mense van Jesus te vertel nie (alhoewel sommige van ons geroep mag word om dit te doen), ons kan met ons bure en die om ons by die werk of skool begin.

Jy mag sê dat jy nie weet hoe om oor Jesus te getuig nie of hoe om siele vir Hom te wen nie, dus wil ek hierdie gedagte met jou deel.....

JY KEN JESUS. Jy weet hoe jou lewe was voor jy Hom as jou Here ontvang het. Hoe leeg dit was en sonder 'n doel. Jy weet wat Hy vir jou gedoen het en jy weet watter verskil Hy in jou lewe gemaak het! Dink aan wat jy nou het omdat jy Hom ken en gered is. Jy het die Ewige Lewe! Jy het 'n huis in die Hemel wat vir jou voorberei is. Jy het Sy beloftes van genesing en voorsiening. Jy het Sy vrede, blydskap en liefde. Jy is saam met Jesus 'n erfgenaam, met 'n erfenis wat ewig is en jy het die beloftes van die oorvloedige lewe waarvoor Hy gekom het om aan jou te gee. Jy **weet** dit alles, so gaan jy dit net vir jouself hou? Jy het Sy versekering van Sy liefde, beskerming en voorsiening terwyl jy hier op Aarde is, en die belofte om Sy Bruid vir die Ewigheid te wees – saam met Hom te heers en regeer – Koning van die konings en Heer van die here. Nou, met dit alles in gedagte, DINK VIR 'n OOMBLIK WAT HULLE **WAT HOM NIE KEN NIE** MIS! Jy sal verseker vir jou hele familie en al jou vriende vertel oor iets wat jy ontdek het wat hulle sal bevoordeel, selfs al was dit 'n groot winskopie by 'n winkel, of 'n goeie resep of wonderlike restaurant, 'n goeie haarkapster of 'n pragtige plek vir 'n vakansie. Jy sou hulle vertel het wat 'n verskil dit in jou lewe gemaak het en hoe bly jy is dat jy dit gevind het. Wanneer jy die lys seëninge nagaan wat jy ontvang het deur Jesus te ken, en hulle het nie daardie seëninge nie omdat hulle Hom nie ken nie, behoort jy opgewande te wees om hulle te vertel wat jy het wat hulle mis. Getuienis oor Jesus is so eenvoudig soos dit, jou persoonlike getuienis, en dit begin by jou deur Sy liefde met net een persoon te deel! Die persoon wat in jou nabyheid is of die een wat die Here op jou hart lê. Onthou Jesus se woorde.. **Die oes is wel groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in Sy oes mag uitstuur (Matt. 9: 37 – 38).** Deel die liefde van Jesus net soos my broeder met sy bure gedoen het, en God sal die res doen. Onthou dat dit NIE jou werk is om mense te red nie, jy kan niemand red nie, jou deel is om hulle van Jesus te vertel, in liefde, nadat jy eers vir hulle gebid het. Jy neem die eerste stap om met hulle oor Jesus te praat, en laat die res aan God oor. Hy sal in hulle harte werk deur die Heilige Gees. Jy moet net met hulle Sy liefde en jou persoonlike getuienis deel oor wat Hy in jou lewe gedoen het, omdat jou getuienis 'n kragtige getuienis is vir hulle wat nie gered is nie. Dan, wanneer hulle op Hom reageer, lei hulle in gebed om Jesus aan te neem, op dieselfde manier wat jy gebid het toe jy Jesus as jou Verlosser ontvang het. **(Joh. 1:12) Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo.**

Onthou, jy hoef nie 'n Bybel student te wees of 'n duisend skrifture te ken om 'n siel vir Jesus te wen nie, vertel net wat Hy vir jou gedoen het en dat Hy tot in ewigheid lewe. Jesus se eerste dissipels was nie geleerd nie, hulle was net gewone mans en vroue wat Jesus geken het, Hom lief gehad het en Hom met ander wou deel. **Hand. 4:13: En toe hulle die vrymoedigheid van Petrus en Johannes sien en verstaan dat hulle ongeleerde en eenvoudige manne was, was hulle verwonderd en het hulle as metgeselle van Jesus herken.**

Die tyd van Jesus se wederkoms is naby, ons sien die tekens hiervan daagliks en Hy het die geweldige verantwoordelikheid vir ons gelaat om die Goeie Nuus van Sy Koninkryk te versprei totdat Hy weer kom. Wanneer sal dit wees? **En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wreld tot 'n getuienis vir al die nasies; EN DAN SAL DIE EINDE KOM (Matt. 24:14).**

FEAST OF THE HARVEST- SHAVOUT - PENTECOST

Lev, 23:1 & 2: And the Lord spoke to Moses, saying, "speak to the children of Israel, and say to them: 'The feasts of the Lord, which you shall proclaim to be holy convocations, these are My feasts. The Lord gave His people instructions to celebrate three feasts every year, they are Passover, Pentecost and the Feast of Tabernacles. The second of the three God ordained feasts takes place after Passover, and is called Shavuot. It is not a man instituted festival or ceremony, but God's Word revealed for our understanding and blessing.

We read what God says in**; Ex. 23:14-17: Three times thou shalt keep a feast unto me in the year. Thou shalt keep the feast of unleavened bread: (thou shalt eat unleavened bread seven days, as I commanded thee, in the time appointed of the month Abib; for in it thou camest out from Egypt: and none shall appear before me empty:) And the feast of harvest, the firstfruits of thy labours, which thou hast sown in the field: and the feast of ingathering, *which is* in the end of the year, when thou hast gathered in thy labours out of the field. Three times in the year all thy males shall appear before the Lord GOD.**

Seven weeks after the second day of Passover is the festival called Shavuot, Feast of Weeks, or Pentecost. This year 2012, Shavuot starts on the eve (6pm) of 26 May and lasts for 8 days. Shavuot is the Hebrew word for "weeks". Pentecost is a Greek word which literally means "Fiftieth day". In Old Testament times farmers brought their first-fruits offerings of barley to the Temple on the day after the Sabbath, at Passover. On that day the counting of the weeks began. Shavuot celebrates the first fruits of the wheat harvest seven weeks later. **Ex. 23:16: "and the Feast of Harvest, the first fruits of your labours which**

(Continued on page 5)

(Continued from page 4-Feast of the Harvest)

you have sown in the field; and the Feast Ingatherings, which is at the end of the year, when you have gathered in the fruit of your labours form the field. The instructions in Leviticus 23:15-17 say, **"You shall also count for yourselves from the day after the Sabbath, from the day when you brought in the sheaf of the wave offering; there shall be seven complete Sabbaths. You shall count fifty days to the day after the seventh Sabbath; then you shall present a new grain offering to the Lord. You shall bring in form your dwelling places two loaves of bread for a wave offering, made of two-tenths of a bushel, they shall be of a fine flour, baked with leaven as first fruits to the Lord."**

Two more names identify the same event. An early command for this celebration is found in **Exodus 23: 19: You shall bring the choice first fruits of your soil into the house of the Lord your God."** Because of these instructions this festival became known as the "Feast of the Harvest" and the "Day of the First Fruits".

There is still another significance associated with this Feast in the late spring in Israel. It commemorates the exact date on which God gave Moses the Ten Commandments on Mount Sinai, when he brought the Israelites out of Egypt and journeyed with them through the wilderness. The giving of God's Law to His people was a momentous occasion. It was His Word engraved by His own Hand, on stone Tablets, given at Mt. Sinai, on the **fiftieth day** after the Israelites were led out of Egypt (Exodus 19). Pentecost or Shavuot, is the Feast when Jews remember and celebrate the anniversary of the covenant between God and Israel, it is called the season of the giving to us of the Holy Torah. **And the LORD said unto Moses, Come up to me into the mount, and be there: and I will give thee tables of stone, and a law, and commandments which I have written; that thou mayest teach them. (Ex. 24:12)**

And Moses turned, and went down from the mount, and the two tables of the testimony *were* in his hand: the tables *were* written on both their sides; on the one side and on the other *were* they written. And the tables *were* the work of God, and the writing *was* the writing of God, graven upon the tables. (Ex. 32:15-16)This was such a momentous occasion in the history of the Hebrew Nation, the time when God gave His Sovereign word to mankind, and we read that there was thunder and lightning, and Mount Sinai shook with the presence of God Almighty! The people were afraid to draw close to the mountain, they stood afar off. **Ex. 20:18-19: And all the people saw the thunderings, and the lightnings, and the noise of the trumpet, and the mountain smoking: and when the people saw *it,* they removed, and stood afar off. And they said unto Moses, Speak thou with us, and we will hear: but let not God speak with us, lest we die.**

God's Laws were engraved on stone. However, God made a promise to His people which we read about in the book of Ezekiel. He said: **A new heart also will I give you, and a new spirit will I put within you: and I will take away the stony heart out of your flesh, and I will give you an heart of flesh. And I will put My spirit within you, and cause you to walk in My statutes, and ye shall keep my judgments, and do *them*. (Ezek. 36:26-27)**

And we read the same promise to His people in **Jer. 31:33: "I will put My law within them, and on their heart I will write it; and I will be their God, and they shall be My people" (Jer. 31:33).** God promised that His Laws would one day be engraved on the hearts of men and women, and no more on stone, and we see this promise come to pass on the day of Pentecost. Jesus told His disciples that He would send them another Comforter to lead and guide them and remind them of all He had taught them. (John 14:16). And after His death, burial, resurrection and ascension, God the Father sent the Third Person of the Godhead to Earth, to indwell those who believe in Jesus as Saviour and Lord. **And when the day of Pentecost was fully come, they were all with one accord in one place. And suddenly there came a sound from heaven as of a rushing mighty wind, and it filled all the house where they were sitting. (Act 2:1-2)** This took place exactly 50 days after Jesus' crucifixion, on the day of Pentecost. (Acts 2: God gave His Word, engraved on stone, exactly 50 days after the Israelites were saved from Egypt's bondage, then, He made a New Covenant through the shed Blood of Jesus, and He sent the Holy Spirit to write His Laws on the hearts of those who are saved from the bondage of the devil through faith in His beloved Son. What a wonderful God we serve!

God's timetable is remarkable. First He established His pattern for redemption in the death of the Sacrificial Lamb. As death visited the first -born of all the homes in Egypt not covered by the blood, Israel was set free from her bondage. Passover is a memorial to freedom. Many

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - Asking according to His Will...)
years later, at Passover, Christ fulfilled that sacrifice setting us free from sin and death by His shed Blood. Then Jesus rose from the dead and Paul identifies Him in the resurrection as **"Christ the first fruits" (1 Cor. 15:23),** for it was on the exact morning of the offering of the first fruits of the barley harvest that He rose from the dead.

Pentecost remembers God's message of law**. "All that the Lord has spoken we will do!" (Ex.19:8).** Rabbis have said there is no liberty without divine law and self-discipline. A train needs rails. A river must have banks. Jesus didn't say, "Go and do what feels good." He said **"Go ..... and make disciples .... teaching them to observe all that I commanded you" (Matt. 28:19-20).** Pentecost also remembers the giving of the Holy Spirit, Who reminds us of what Jesus said!

Jesus' sacrificial death set us free from the law in granting us grace and salvation. A salvation which we could never achieve. It is a free gift to be accepted by faith. However, freedom always has two aspects. We are free **"from"** in order that we may be free **"to".** Christ sets us free from our own habits and actions in order that we may be free to obey Him – His word and ways. We become free to do not as we please but as God pleases. In a sense, we are set free from the traditions of men so that we may hear the true and complete Word of God. This freedom comes from the knowledge that it is no longer through our own efforts, but it is by God's power, the Holy Spirit at work within and through us.

This was then demonstrated and brought to completion in His season. Acts 2:1 says, **"And when the day of Pentecost had come, they were all together in one place,"** celebrating this festival of the first fruits of the wheat harvest, **"and they were all filled with the Holy Spirit" (Acts 2:4),** becoming the "first fruits" of God's harvest. God's power, the Holy Spirit came to dwell in us, to empower us and to remind us of His Words and His Ways.

The prophets were continually calling the nation of Israel back to the living God who had made Himself known at the Exodus. We can know that same God, the God of Abraham, Isaac and Jacob, through Jesus, by the power of the Holy Spirit. In Acts 2 the Holy Spirit came to Pentecost to fulfil the prophecy of David (Acts 2:33-36) so that Christ would be recognised by Israel and known as the Son of the living God. **This Jesus hath God raised up, whereof we all are witnesses. Therefore being by the right hand of God exalted, and having received of the Father the promise of the Holy Ghost, He hath shed forth this, which ye now see and hear. (Act 2:32-33)**

It is clear in both the Old and New Testaments that the Word of God often became weighted down and covered over the men's rules and traditions. Jesus said, …..**Thus have ye made the commandment of God of none effect by your tradition. (Matt. 15:6)** Paul said, **"You are slaves of the one whom you obey" (Rom. 6:16).** How important it is for us to listen intently to the voice of God in Scripture and not be hindered by traditions and even prejudices of man.

"I will put My law within them, and on their heart I will write it; and I will be their God, and they shall be My people" (Jer. 31:33). Remember and observe this festival of Shavuot – Pentecost, with JOY! □

NUWE BOEKE BESKIKBAAR

DEFEATING DEPRESSION
by Dr J J van Zyl
Book 72 – R20.00

OORWINNING OOR DEPRESSIE
Boek 73 - R20.00

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.



uit **Dr James se kantoor**

Geliefdes in die Here Jesus,

Dit lyk onmoontlik dat dit amper die helfte van die jaar is en dat die tyd so vinnig verby is. Dit dien as 'n wekroep vir ons om die tyd uit te koop soos die Woord van die Here ons vermaan om te doen. Paulus het vir die Kerk van Kolossense gevra om vir hom te bid dat die Here deure vir hom sal oopmaak om oor Jesus te preek, die verborgenheid van die Evangelie wat nou geopenbaar is aan hulle wat Hom nog nie ontvang het nie. Selfs al was Paulus in die tronk, het hy geweet dat tyd van die uiterste belang was wanneer dit by die verspreiding van die Evangelie gekom het, en hy wou dit nakom. **Kol 4 : 3-5: En bid tegelykertyd ook vir ons, dat God vir ons die deur van die woord mag open om te spreek van die verborgenheid van Christus, waarvoor ek ook in boeie is, dat ek dit openbaar kan maak soos ek dit behoort te spreek. Wandel in wysheid teenoor die wat buite is, en koop die tyd uit.**

Dan in Efesiërs, wil hy nie hê dat ons in die laaste dae as onwyse moet leef nie, asof ons nog baie tyd het nie, maar om die kort tydjie wat ons nog oor het, aan die ewigheid moet dink. **Pas dan op dat julle nougeset wandel, nie as onwyse nie, maar as wyse; en koop die tyd uit, omdat die dae boos is (Ef. 5 :15-16).**

Ja ons leef in dae wat dit lyk asof "sonde en die bose in oorvloed" is, maar ons word deur God se Woord aangemoedig wat sê: ... **waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword (Rom. 5:20).** God se genade sal altyd vir ons genoeg wees maak nie saak wat se omstandighede in ons lewens ontstaan nie. Die Here het Sy kinders toegerus met elke stuk van die wapenrusting en elke wapen wat ons ooit nodig sal hê om geestelike oorlogvoering in hierdie "bose dae" uit te voer. Ons kan elke struikelblok in die Here oorwin, omdat Jesus ons die oorwinning gegee het. Hy het die wêreld, die vlees en die duiwel oorwin, en het die sleutels van die hel en die dood (Openb. 1:18). Ons hoef nie te vrees oor wat vandag mag gebeur nie of wat die toekoms inhou nie, omdat **Hy** die toekoms hou en ons in Sy hande is. Dit is waarom dit so belangrik is dat ons hierdie waarheid met die wat in vrees en onsekerheid leef moet deel, veral in hierdie dae van soveel onsekerheid in die wêreld. Dit is moeilik om jou voor te stel wat hierdie tyd op God se kalender moet lyk vir die wat nog nie gered is nie, wat nie die sekerheid het om die Here te ken en Sy beskerming, voorsiening en leiding te hê nie. Net soos Paulus, moet ons bid en vra dat deure vir ons geopen moet word om die wat nog nie gered is nie van Jesus te vertel. Die tyd is dringend, die tyd is reg, die tyd is nou, en dus moet ons die tyd uitkoop om siele gered te kry as gevolg van die "bose dae" wat ons nou teëkom.

Ek bid vir elkeen van julle vir God gegewe geleenthede om Jesus met die verlorenes te deel, en om werkers in Sy eindtyd oes van kosbare siele vir Sy Koninkryk te wees. Onthou om die tyd uit te koop, omdat ons nie die dag van Sy koms weet nie.

Ons is steeds volstoom aan die gang, met alle hande aan boord, en julle sal net so verheug soos ons wees om die hoeveel literatuur te sien, wat die Goeie Nuus bevat, wat ons in die land en buite sy grense, op 'n gereelde basis, kan uitstuur. Dit doen ons harte goed, en ons gee altyd die dank aan die Here vir Sy leiding en bestuur en vir Sy krag vir elke dag. Ons loof Hom vir Sy getrouheid en ons dank julle dat julle so 'n belangrike deel is van wat Hy ons voor geroep het om vanuit die Stanger Christelike Sentrum te doen. Julle gebede, aanmoediging en ondersteuning op elke manier word werklik waardeer en maak alles moontlik. Dit voel egter dat om dankie te sê nie genoeg is nie, maar die Here ken ons harte en ons weet dat Hy by magte is om alle seëninge oorvloedig oor julle te maak.

Baie liefdegroete van ons almal by die Sentrum,

Mag die Here julle ryklik seën, Dr. James

Dr James

Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

My kleindogter is op so 4½ jaar gediagnoseer met leukemia. Dit is nou 6 jaar en 4 maande later, sy het die 9de Maart weer gaan toets, 6 maandeliks, en die onkoloog is baie tevrede. Cherise is skoon van kanker, gaan nou een keer 'n jaar. Dankie Dr James dat julle vir haar gebid het.

Mev W Maritz, Leraatsfontein

Ek het verlede week geskakel vir voorbidding. Alles het verkeerd geloop, ek het nie meer werk gehad nie en moes my mense vanaf 23 April huistoe stuur. Die dag nadat julle saam met ons gebid het, het dinge verander. Ek weer werk begin inky. Ons loof en prys ons Hemelse Vader daarvoor want dit is net God se genade. Ons glo en vertrou dat Hy verder in ons behoeftes sal voorsien sodat ons weer op koers kan kom. Dankie vir julle gebede en die wete dat ons op julle knoppie kan druk as ons voel ons het die einde van 'n doodloop straat bereik. Mag God julle seën vir die werk wat julle doen. Ons bid julle sterkt toe. Groete.

Jan, Middelburg

Hoe wonderlik om julle te ken! Deur Sy genade is julle daar om vir ons te bid. Ek het geskryf en voorsbidding gevra vir my oogoperasie. My oë was so swak dat 'n oogaarts nie vir my 'n bril wou gee nie. Die katarakke moes eers verwyder word. Die 2de Maart 2012, is my regter oog geopereer, my bloeddruk was hoog en die spesialis, Dr van Wyk, het getwyfel of hy die operasie moes doen. Dokter, het ek vir hom gesê, "Ek sal bid, kan u asseblief die oogoorplanting doen in die geloof?" Die oorplanting is gedoen en vir 3 weke het ek my oog opgepas soos 'n baba. Na 3 weke kon ek wonderlik sien, sonder 'n bril. Die hele wêreld het nuut en pragtig gelyk. Ek wil naas my Skepper, my innige dank en waardering uitspreek dat u so vir my gebid het! Ek het nie woorde om dit te beskryf nie! Groete in Jesus

Mev R van Jaarsveld, Potchefstroom

Dis met 'n dankbare hart dat ek aan u skryf. Ek het 'n tyd gelede geskakel en vir voorbidding vir n melenoom op my rug. Was 'n paar dae daarna in vir operasie en wat 'n wonderlike getuie wil ek nie wees vir ons groot Koning nie. Die uitslag was negatief, alles was verwyder. Ek het absoluut so 'n kalmte van ons Heer ontvang dat ek met 'n dankbare hart selfs teenoor die dokter kon getuig van ons Heer se liefde en sy genade. Was my verbasing groot toe hy vir my sê, hyself baie bid voor sy operasies wat hy uitvoer. Nogmaals baie dankie, mag die Heer U almal seën by die sentrum. Jesus Liefde

Mev J Venter, Kaapstad

Baie dankie vir u brief. Ek glo nou as u sê nog voordat ons die Heer gevra het, het Hy my al genees. Dis wat blykbaar werklik gebeur het. Nog voordat u die brief aan my gestuur het, het die bloeding opgehou. Dit na 2 jaar. Die Groot Geneesheer Jesus en u het die eintlike genesing gedoen. Hy dien nie halwe werk nie. Baie dankie Dr James en span. Mag Hy u versterk en dubbel seën. Baie waardering en liefde. Groete.

Mev L Vermaak, Kester

I decided to write to you Dr, to tell you the wonderful miracle that the Living God performed in my life, after 5 years, because of your prayers. I wrote to you asking you to pray for me, so that I could have a baby. Doctor, God is so wonderful and faithful! I am now pregnant with my first child. I am due to give birth in September. I am so happy and the name of God should be praised. This is an absolute miracle. Thank you God, thank you Dr. James for praying for me, my dreams has come true after 41 years. I believe nothing is impossible for God. I do not have enough words to thank the Lord for what He has done for me. Our Almlighty God still performs miracles today! Greetings in the wonderful name of God.

Mev Marie Steenkamp

Ek skryf aan Dokter en Meg, asook die span met blydskap en vreugde in my hart, want my skouer en nek is genees. Ons het 'n wonderlike Here. Ek loof en prys Hom!! Daar is niemand soos Hy nie, baie dankie dat julle vir my gebid het. Ek dank Hom ook vir julle, en 'n groot dankie vir die boekies en nuusbrief wat ek bevoorreg is om elke maand te ontvang. In my kinders se lewens het onse Here wonderwerke verrig, gewoontes is gelos en ek glo dat die wonderwerke in hulle lewens nog nie verby is nie.

Mev S Momberg
Heidelberg